Snuffelhonde dalk nou minder verwar

LOUISE POSTHUMA

'n Hulpmiddel wat soos 'n stukkie wit papier lyk, kan nou die opleiding van snuffelhonde vergemaklik.

'n Suid-Afrikaanse deskundige in hondeopleiding, John Greyvenstein, het tesame met verskeie Suid-Afrikaanse wetenskaplikes dié hulpmiddel ontwerp.

"'n Hond se reukvermoë is tussen 1 000 en 10 000 keer beter as dié van die mens," sê Dr Fanie van der Walt, 'n wetenskaplike.

"Dit veroorsaak dat 'n snuffelhond verskeie reuke onderskei wat die mens glad nie kan ruik nie."

'n Opleier kan dan, volgens Van der Walt, ongeduldig raak terwyl die hond glad nie verstaan watter van die verskeidenheid reuke van hom verwag word om uit te wys nie.

Wat die 'stukkie papier' so besonder maak is dat dit die reuk van 'n verbode middel bevat maar enige ander onnodige reuke uitwis.

'n Snuffelhond word dus nie verwar met 'n verskeidenheid van reuke nie. Die hulpmiddel is nie gevaarlik vir die hond of die opleier nie en kan ook nie misbruik word nie.

Volgens Greyvenstein gaan die middel eersdaags aan die Suid-Afrikaanse Polisie Diens bekend gestel word.

Die middel is reeds in die Seychelles getoets. Greyvenstein sê dat die polisie- en weermagdienste in die Seychelles tans die hulpmiddel gebruik. ■